Memo

# TOM NEWBY SCHOOL EXAMINATION

| Subject | Afrikaans Additionele Taal en Begrip | Examiner | Mrs C Schutte |
|---|---|---|---|
| Date | 10 June 2016 | Total marks | 45 |
| Session | 2 | Duration | 1 hour 30 minutes |
| Grade | 5 | Moderator | Mrs L Brits |
| Special instructions/ Equipment | | | |

This Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking. Up to 10% of the total mark allocation may be deducted for spelling and grammatical errors, except in the case of Language papers, where deductions are made according to a memorandum. Time allocation on this examination includes provision for concession.

Naam en Van: ______________________ Graad 5: ____

## AFDELING A: LEESBEGRIP

Lees eerste die onderstaande vrae goed deur. Lees dan die storie en beantwoord dan die vrae in volsinne.

**Vrae:**

1. Waar bly Torrie Tortelduif se nooi, Koerie?
   Koerie bly by die rivier, in n groot wilgerboom. (1)

2. Watter tyd van die dag het Torrie besluit om vir sy nooi te gaan kuier?
   Torrie het in die oggend gaan kuier. (1)

3. Waar het Torrie gaan sit, toe hy by die rivier gekom het?
   Torrie het op n takkie naby aan die water gaan sit. (1)

4. Vir wie het Torrie vrolik gegroet?
   Torrie het vrolik vir Emma Mier gegroet. (1)

5. Kies die regte antwoord en omkring net die letter:
   5.1 Mier was so haastig want:
   (a) Emma Mier was baie dors, sy wou by die water uitkom.
   b) Sy moes winkel toe gaan.
   c) Sy was baie honger en wou eet. (1)

5.2 Die seisoen in die leesstuk is:

a) Somer
b) ←Herfs
(c)) Lente ✓
d) Winter (1)

6. Sê of die volgende stellings waar of onwaar is:

a) Die wind het die water gewaai en golwe gemaak en daarom het Emma Mier in die water geval.

Waar ✓

b) Om Emma Mier te help, het Torrie Tortelduif 'n tak afgepluk.

Onwaar - 'n blaar ✓

c) Nadat Emma Mier in die water beland het, het sy gelag en grappies gemaak.

Onwaar - gegil en skree ✓ (3)

7. Gee 'n ander titel vir die storie.

Leerder se eie respons. ✓ (1)

8. Wat het Emma Mier aan die seun gedoen om Torrie te help?

Sy het die seun se hakskeen gebyt. ✓ (1)

9. "Die seun spring egter van verbasing in die lug op en laat val sy net. Torrie skrik vir die skielike beweging en vlieg vining weg." vinnig

Dink jy die seun het geweet Emma Mier hou hom dop? Uit watter woord in die paragraaf kan jy dit aflei? ~~Het die seun geweet Emma Mier hou hom dop? Gee 'n rede vir jou antwoord~~.

Nee, ✓ verbasing ✓ (2)

10. Gee 'n ander woord uit die leesstuk met dieselfde betekenis as:

a) Sonder skoene (par5) "Kaalvoet" ✓
b) Baie lekker (par 1) "heerlike" ✓ (2)

11. In die leesstuk was Emma Mier baie benoud (anxious) toe sy in die water beland het. Sy het dal kook bang /ongelukkig gevoel. ✓ (1)
dalk ook

12. Uit die leesstuk, gee die teenoorgestelde van:

a) Klein groot ✓
b) Agter voor ✓
c) Af op ✓ (3)

13. **Les**: Een goeie daad verdien 'n ander.

Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken.

Leerder se eie respons: As jy ander help sal hulle jou ook eendag help. ✓ (1)

14. Dink jy Torrie is 'n goeie vriend? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Ja / Nee ✓ - eie respons. ✓ (2)

15. Pas kolom A by kolom B. Skryf slegs die regte letter langs die regte nommer neer.

| | Kolom A | | Kolom B |
|---|---|---|---|
| 1 | Torrie se nooi. | a | Die Les |
| 2 | Drink gulsig water. | b | Voëlvanger |
| 3 | Die stoute seun. | c | Tak |
| 4 | Een goeie daad verdien 'n ander. | d | miere |
| 5 | Werk baie hard. | e | Emma Mier |
| 6 | "Reddingsboot" | f | Blaar |
| | | g | Koerie |

1) g ✓ 2) e ✓ 3) b ✓ 4) a ✓ 5) d ✓ 6) f ✓ (6)

17. Het jy van die storie gehou? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Ja / Nee ✓ eie antwoord. ✓ (2)

## Sub-totaal: (30)



**TORRIE TORTELDUIF EN MIER**

Een oggend baie vroeg toe die lentesonnetjie (spring sun) sy eerste strale tussen die blare laat deurskyn, besluit Torrie Tortelduif om vir sy nooientjie (girlfriend), Koerie, te gaan kuier. Hy vlieg dadelik af na die rivier waar Koerie in 'n groot Wilgerboom bly. By die rivier gekom, gaan sit Torrie op 'n takkie naby aan die water. Torrie sien vir Emma Mier oor die grond skarrel (move quickly) na die waterpoel. Hy groet vrolik. "Môre, Emma Mier! Is dit nie 'n heerlike, sonnige lenteoggend nie?"

Emma Mier is egter so dors dat sy net by die water wil uitkom. Sy knik net haar kop en haas (rushes) haar na die poeletjie water om haar dors te les. By die water gekom begin sy gulsig (greedy) water te drink. Die wind waai die water en sulke klein golfies vorm. Die volgende oomblik is Mier binne in die water. Sy begin benoud (anxious) te gil en te skree om hulp. Torrie Tortelduif het Emma die heeltyd dop gehou en hy sien dat sy in gevaar is om te verdrink (drown). Hy pluk vinnig 'n blaar af en laat dit in die water val. Die blaar val reg voor Emma en vinnig klim sy tot bo-op die blaar.


Torrie het vinnig nader gevlieg en die blaar aan sy steel (leaf's stalk) opgetel en met mier na veiligheid gevlieg. Sy was baie dankbaar, want sy het amper verdrink.*


*Emma het Torrie bedank en het teruggegaan na die miershoop (anthill). Torrie het vir sy nooi gaan kuier.

'n Paar weke later sit Torrie en broodkrummels oppik onder 'n boom. Emma en haar maats hardloop heen en weer om ook van die broodkrummels na die miershoop te dra.


Net toe Emma Mier so entjie weg is, sien sy 'n stoute kind met 'n net. Hy is besig om Torrie te bekruip om hom te vang. Emma Mier sien die voëlvanger (bird catcher) is kaalvoet. Sy byt hom aan sy hakskeen (heel). Dit was nie 'n vreeslike seer byt nie, maar dit was die beste wat sy kon doen. Die seun spring egter van verbasing in die lug op en laat val sy net. Torrie skrik vir die skielike beweging en vlieg vinnig weg. So het Emma Mier vir Torrie van die voëlvanger gered.

Les: Een goeie daad (deed) verdien 'n ander.





368 Woorde



## AFDELING B: TAAL

1. Skryf die volgende sinne oor in die **verlede tyd**.
   *Bv. Die torteldujf kuier by sy nooi.*
   *Die tortelduif het by sy nooi gekuier.*

1.1. Die lentesonnetjie skyn deur die blare.

Die lentesonnetjie het deur die blare geskyn. (1)

1.2. Torrie sit op 'n takkie naby die water.

Torrie het op 'n takkie naby die water gesit. (1)

2. Skryf die volgende sinne oor in die **toekomende tyd**.
   *Bv. Emma Mier hardloop na die water toe.*
   *Emma Mier sal na die water toe hardloop.*

2.1. Emma drink gulsig water.

Emma sal gulsig water drink. (1)

2.2. Emma val binne in die water.

Emma sal binne in die water val. (1)

3. Skryf die volgende sinne oor in die **ontkennende vorm**.
   *Bv. Torrie vlieg na 'n blaar toe.*
   *Torrie vlieg nie na 'n blaar toe nie.*

3.1. Torrie het eendag vir sy nooi gaan kuier.

Torrie het nie eendag vir sy nooi gaan kuier nie. (1)

3.2. Iemand het die broodkrummels na die miershoop gedra.

Niemand het die broodkrummels na die miershoop gedra nie. (1)

4. Verbind die volgende sinne deur die **voegwoorde** in hakies te gebruik.
   *Bv. Emma Mier drink water. Sy is baie dors.* ***(omdat)***
   *Emma Mier drink water, omdat sy baie dors is.*

4.1. Emma Mier waarsku Torrie. Die seun wil hom vang. (**want**)

Emma Mier waarsku Torrie, want die seun wil hom vang. (1)

4.2. Emma byt die seun se hakskeen. Hy skreeu kliphard. (**daarom**)

Emma byt die seun se hakskeen, daarom skreeu hy kliphard. (1)

4.3. Torrie was baie dankbaar. Emma Mier het hom gered. (nadat)
Torrie was baie dankbaar, nadat Emma Mier hom gered het. (1)

5. Gee die korrekte **meervoud** OF **verkleining** vir die woorde tussen hakies.

In die fabel het ons van *baie* **a) (karakter)** karakters geleer. Torrie Tortelduif is baie lief vir sy *klein* **b) (meisie)** meisietjie. Emma Mier het *baie* **c) (vriend)** vriende. Koerie bly naby aan die *klein* **d) (wilgerboom)** wilgerboompie. (4)

6. Kies die regte woord tussen hakies. Onderstreep die regte antwoord.

6.1. Die tortelduif vlieg *die* **(hoog; hoër; hoogste)** van al die voëls. (1)

6.2. Die voëlvanger het **(groot; groter; grootste)** *as* Torrie geskrik. (1)

## Sub-totaal: (15)

## GROOT TOTAAL: (45)

